


WOORDELYS - BIOSFEER tot EKOSISTEME

TERME (alfabeties)	VERDUIDELIKING van die terme
Aansig	Die rigting waarin 'n helling front.
Abiotiese faktore	Alle nie-lewende faktore in 'n ekosisteem wat die biotiese faktore beïnvloed.
Atmosfeer	Die laag gasse wat die atmosfeer omring.
Bioom	'n Streek wat 'n sekere klimaat, grondsoort en plantegroei soort het, asook alle organismes wat in die streek lewe.
Biosfeer	Die dele van die Aarde waar organismes voorkom.
Biotiese faktore	Alle lewende organismes in 'n ekosisteem.
Edafiese faktore	(grond faktore) verwys na grond se tekstuur, grondlug, waterhouvermoë, humusinhoud en pH-vlak.
Ekologie	Die studie van verwantskappe tussen lewende organismes en hul lewende en nie-lewende omgewing.
Ekosisteem	'n Eenheid in die natuur waarin lewende (bioties) en nie-lewende (abioties) komponente in wisselwerking met mekaar is.
Ekotoerisme	Verantwoordelike reis na natuur gebiede wat die omgewing bewaar en die welsyn van die plaaslike mense handhaaf of selfs verbeter.
Eksotermiese dier (koudbloedig)	Liggaamstemperatuur hang af van die omgewing se temperatuur.
Endotermiese dier (warmbloedig)	Liggaamstemperatuur is konstant ongeag die omgewing se temperatuur.
Fisiologiese faktore	Faktore wat betrekking het op die land se fisiese kenmerke, byvoorbeeld hoogte, aansig en helling.
Fotoperiode	Die aantal ure lig wat 'n plant elke dag kry.
Gravitasie water	Die water wat filtreer deur die boonste grond lae na die watertafel.
Grondlug	Lug in die ruimtes tussen grondpartikels wat nie met water gevul is nie.
Grondtekstuur	Verwys na die verskillende tipes grond naamlik sand, klei en leem. (grootte van partikels en water retensie)
Helling	Hoe steil of plat 'n gebied is.
Heterotrofe	Organismes wat nie hul eie voedsel kan maak nie en ander energie bronne moet vind (verbruikers).
Hibernasie	Die verlangsaming van liggaamsprosesse wanneer temperature daal en kos skaars raak.
Hidrofiet	Dit is 'n plat wat aangepas is om in water te groei. (waterlelies, Elodea)
Hidrosfeer	Die water komponent van die biosfeer waar lewende organismes aangetref word.
Higroskopies water	Die lagie water wat gronddeeltjies omring en nie maklik deur plant wortels geabsorbeer word nie.
Hoogte	Die hoogte bo seevlak.
Humus	Donker, klewerige stof wat gevorm word wanneer ontbinders dooie organiese stof in die grond afbreek.

Kapillêre water	Water gevind tussen in die gronddeeltjies wat maklik deur die plant wortels geabsorbeer kan word.
Klimaatsfaktore	Lig, temperatuur, water, atmosferiese gasse en wind gesamentlik.
Litosfeer	Die Aarde se kors (grond en rotse) wat die buitenste laag van die Aarde vorm.
Mesofiet	'n Plant wat matige hoeveelheid water en lig en 'n matige temperatuur nodig het. (maroela- en vyeboom)
Neerslag (presipitasie)	Water in die vorm van reën, hael, sneeu of dou.
Omgewing	Enige lewende en nie-lewende faktor wat 'n invloed op die lewende organismes het.
Ontbinders	Organismes wat dooie organiese afbreek in eenvoudige organiese stowwe wat weer vrygestel word in die omgewing.
Outotrofe	Alle groen plante wat in staat is om hul eie organiese voedsel (koolhidrate) te maak deur die proses van fotosintese.
pH	Die suurheidsgraad of alkaliniteit van 'n stof.
Primêre verbruikers	Diere wat van plantaardige stof leef, ook herbivore (en omnivore) genoem.
Sekondêre verbruikers	Diere wat op die primêre verbruikers voed (karnivore, omnivore)
Tersiêre verbruikers	Diere wat op die sekondêre verbruikers voed (karnivore).
Trofiese vlakke	Groepe organismes wat hul energie op dieselfde manier kry, word voorgestel deur voedingsvlakke.
Uitloging	Die beweging van opgeloste minerale soute deur die grond.
Verbruikers	Organismes wat nie in staat is om hul eie voedsel te maak nie.
Voedselketting	'n Manier om die rigting van die energie vloei vanaf die Son na groen plante en dan na die volgende trofiese vlakke in die ekosisteem aan te toon.
Voedselweb	'n Groep voedselkettings wat onderling met mekaar verbind is.
Waterhouvermoë	Die hoeveelheid water wat grond kan hou.
Watersiklus	'n Natuurlike siklus waar water deur middel van prosesse soos verdamping en kondensasie deur ekosisteme sirkuleer.
Xerofiet	Plante wat in droë streke groei.




BIOTIESE FAKTORE

- Produseerders
- Primêre verbruikers
- Sekondêre verbruikers
- Ontbinders

Produseerders

- Outotrofies – produseer hul eie voedsel (fotosintese)
- Alle groen plante is produseerders




Primêre verbruikers

- Heterotrofies – kan nie hul eie voedsel vervaardig nie
- Voed op groen plante
- Ook bekend as herbivore




Sekondêre verbruikers

- Heterotrofies – kan nie hul eie voedsel vervaardig nie
- Voed op organismes wat van plante lewe
- Ook bekend as karnivore



Ontbinders

- Voed op dooie en verrottende materiaal
- Plaas voedingstowwe terug in die grond




ABIOTIESE FAKTORE

- Fisiografiese faktore (Topografie)
- Edafiese (grond) faktore
- Fisiese faktore (klimaat)

1. Fisiografiese faktore


Aspek (hellingaansig)

- Noordelike helling ontvang meer sonlig; is warmer en droeër. Geskik vir geharde plante.
- Suidelike helling is koeler, behou meer vog. Geskik vir welige plantegroei



Helling


- Verwys na die gradiënt/helling van 'n gebied – plat, geleidelik, steil.
- 'n Geleidelike helling behou water en bo-grond – welige plantegroei
- 'n Steil helling gehou minder water en bo-grond – kruidagtige plantegroei



Hoogte bo seevlak

- Hoogte bo seevlak.
- Temperatuur daal hoofsaaklik met hoogte.
- Hoër hoogtes beteken 'n laer lugdruk en minder suurstof.
- Dit beïnvloed plant- en dierelewe en hul verspreiding.

Hoër bo seevlak – kouer, minder suurstof



ABIOTIESE FAKTORE

- Fisiografiese faktore (Topografie)
- Edafiese (grond) faktore
- Fisiese faktore (klimaat)

Grond suurheid/pH

- Plante aard goed in grond met optimum pH.
- Plante verkies of suur of alkaliese (brak) grond.
- Bakterieë verkies alkaliese grond, fungi verkies suur grond.
- Bakterieë speel 'n belangrike rol in die voedselkringloop.

Grondtekstuur

- Grootte van gronddeeltjies wissel van fyn (klei) tot grof/groot (gruis).
- Grootte van gronddeeltjies beïnvloed deurlugting en die waterhouvermoë.
- Tipes: klei, leem en sand.

Grondtemperatuur

- Seisoenale verandering
- Beïnvloed saad dormansie en ontkieming
- Beïnvloed bakteriële groei en suurheid van grond

Grondwater

- Higroskopiese water (rondom gronddeeltjies) kan nie deur plante opgeneem word nie.
- Kapillêre water (in spasies tussen gronddeeltjies) kan deur plante opgeneem word.
- Sandgrond behou min water – het groot spasies tussen-in.
- Klei besit baie klein deeltjies en grond verdrink maklik.

2. Edafiese Faktore

Grondlug

- Lug kom voor in die spasies tussen gronddeeltjies.
- Suurstof in die grond word deur plantwortels gebruik.
- Die hoeveelheid grondlug hang af van die grootte van gronddeeltjies en die hoeveelheid grondwater teenwoordig.

Humusinhoud

- Humus is dooie verrottende plant- en diermateriaal.
- Bevat belangrike voedingstowwe, spesifiek nitrate.
- Verhoog die waterhouvermoë, deurlugting en vrugbaarheid van grond.

ABIOTIESE FAKTORE

- Fisiografiese faktore (Topografie)
- Edafiese (grond) faktore
- Fisiese faktore (klimaat)

3. Fisiese faktore

